ACTIVITY: Fishing
CASE: **GSAF 1982.02.17** / SA-315
DATE: Wednesday February 17, 1982
LOCATION: The incident took place in the Indian Ocean at Mossel Bay, Western Cape Province, South Africa.

NAME: Mr. J. N. C. Jordaan
DESCRIPTION: A male from the Transvaal.

NARRATIVE: The Mossel Bay Advertiser of February 19, 1982 reported that Mr J. Jordaan had a painful experience when a shark, caught by one of the crew of five and taken on board his ski-boat, bit his leg just above the ankle.

SPECIES: Not identified.

SOURCES: Mossel Bay Advertiser, February 19, 1982, Die Burger, February 19, 1982

NOTE: This was a provoked incident.

CASE INVESTIGATOR: Marie Levine

HAAI VAL MAN AAN OP BOOT

MOSSELBAAI: 'n Wes-Transvaler, mnr J N C Jordaan van Vermaas, het Saterdagoggend 'n buitengewone en pynlike ondervinding gehad toe hy op die skiboot Jan Marie aangeval en deur 'n haai gebyt is.

Na verneem word, is mnr Jordaan in die onderbeen net bokant die enkel gebyt.



Shark attack on skiboat MBA 19/2/82

A Transvaler from Vermaas, Mr. J.N.C. Jordaan had a painful experience, when a shark, caught by one of the crew of five, decided the boat was to crowded for his liking and attacked the first thing he could het his teeth in. Mr: Jordaan was bitten just above the ankle. We were informed that the anglers have returned home.

© Global Shark Attack File, 1989. All rights reserved. This report may not be abridged or reproduced in any form without written permission of the Global Shark Attack File.

Pasop vir Meer Haaiaanvalle

24/7/71 (Deur EBEN SCHOEMAN) MBA.

DIT is met gemengde gevoelens dat ek Woensdag verneem het van die haaiaanval op een van ons jongmans. Alhoewel ek dit lankal verwag het, het dit nogtans as 'n skok gekom. As gevolg hiervan voel ek dit my plig om die volgende feite onder lesers se aandag te bring.

Hier is meer mensvreterhaaie in die see in en rondom Mosselbaai as wat meeste mense dink. Inteendeel, myns insiens selfs meer as op enige ander plek in die Republiek. Die feit dat hier so min haaiaanvalle plaasvind kan redelik maklik verklaar word. Die meeste haaie word in die omgewing van die eiland aangetref. Die rede hiervoor is dat die haaie 'n voorliefde vir robvleis het en dus feitlik uitsluitlik op klein en jong robbe aas.

'n Ander rede is die feit dat ons kus besonder ryk aan vis is. Neem die robbe geheel en al weg, asook ons vis, kan ek u verseker dat hier meer haaiaanvalle sal plaasvind as in enige ander gebied.

Verlede Donderdagoggend het twee professionele vissermanne by die Bakke, in die onmiddellike omgewing van die gewilde strand, rooiaas gesny. Dit was laaggety en hul het veilig op 'n grot rots gestaan. Skielik het 'n monster van 'n mensvreterhaai sy verskyning gemaak en op en af langs die rots geswem terwyl hy na die manne „geloer" het.

Bewus daarvan dat 'n haai soms uit die water spring wanneer hy aanval het die manne onmiddellik padgegee. Die haai het lank in die omgewing gebly.

Gedurende die onlangse stompkop-seisoen, het verskeie groot mensvreterhaaie naby die punt daagliks etlike groot stompkoppe van die hengelaars se hoeke afgebyt. Ek het persoonlik een oggend twee groot stompkoppe namekaar op hierdie wyse afgestaan en toe ek die derde een wal toe bring en nader staan om hom te gaffel het daar skielik 'n mensvreterhaai van ongeveer vyftien voet uit die niet te voorskyn gekom en kon ek duidelik sien hoe hy die groot vis van ongeveer 25 - 30 pd. net agter die kop morsaf byt.

Terwyl ek verstom staan en kyk het, byna gehipnotiseer, het die haai weereens sy verskyning gemaak en ook die kop ingesluk met hoek en al. Hierdie voorvalle gebeur elke jaar met die stompkop-seisoen.

Ek onthou verskeie gevalle waar mensvreterhaaie professionele vissers in bootjies molesteer het terwyl hul besig was om vis te vang. In twee gevalle is groot gate deur die romp van die bootjies gestamp en moes daar inderhaas na die hawe gejaag word.

Op een geleentheid was ek teenwoordig toe 'n mede visserman 'n groot kabeljou in die boot wou lig. 'n Mensvreerhaai het uit die niet verskyn en toe die man die vis in die boot lig het die haai met sy reuse kop en 'n deel van sy lyf ook in die boot „geklim". om onmiddellik daarna weer terug in die see te val.

Verskeie kere is aan dele van bootjies gebyt. Ook skroom ek nie om te sê dat ek dikwels by al die plekke langs die Republiek en Suid Wes Afrika gehengel of van bote af vis gevang het maar nêrens meer haaie opgemerk het as hier by ons nie.

Slegs om slegte publisiteit vir Mosselbaai te voorkom het ek besluit om te swyg. Nogtans, as mense hul net by ons vernaamste swemplekke bepaal, byvoorbeeld Hartenbos, die Bakke en die Santos en nie onnodig kanse vat nie, glo ek nie sal daar êrens 'n veiliger kus wees nie.

Indien branderplankryers of duikers voortgaan om op onverskrokke wyse en op gevaarlike plekke, feitlik in die diep, oopsee hul sport te beoefen moet hul bereid wees om die ergste te verwag. Net jammer dat so 'n gebeurtenis slegte publisiteit aan 'n andersins veilige vakansieoord verleen.

Ten slotte net dit. Ek het verlede week en Donderdag die voorspelling gemaak teenoor etlike persone dat ons enige dag 'n haaiaanval kan verwag onder die plankryers of duikers omdat hulle hul nie by ons veilige baai en strandplekke bepaal nie. Min het ek geweet hoe gou daardie voorspelling bewaarheid sou word — gelukkig nie met tragiese gevolge nie. Mag hierdie voorval as 'n waarskuwing dien.

© Global Shark Attack File, 1989. All rights reserved. This report may not be abridged or reproduced in any form without written permission of the Global Shark Attack File.